Ons Here is altyd betyds

Skriflesing: Johannes 11: 17 - 44
Teksvers: Johannes 11: 21

1. Inleiding

Geliefdes was u al ooit laat. Dit is seker ’n dom vraag want, iewers in ons lewe was meeste van ons al laat, per abuis of met opset. Deur middel van ons eie toedoen, of miskien was daar omstandighede buite ons beheer wat veroorsaak het dat ons laat was. Maar maak dit werklik saak as ons nie stiptelik is nie? Behalwe vir die gebrek aan respek vir die persone wat op ons wag, kan daar ook ander ernstige gevolge wees.

’n Gereelde gebrek aan stiptelikheid kan ’n vriendskap ernstig benadeel. Om laat te kom Werkonderhoud of ’n sake ontmoeting kan ernstige finansïele gevolge hê. Ook binne organisasie wanneer vaardigheid op spesifieke plekke in projekte laat is kan dit katastrofiese gevolge hê. Maar die ergste plek waar verkwiste tyd deur laat kom ernstige en selfs noodlottige gevolge kan hê, is by nooddienste. Daar word gepraat van die goeie uur van behandeling na ’n traumatiese besering of ongeluk.

Vandag in ons teksgedeelte is ons baie naby aan hierdie gedagte of konsep. Ons Here Jesus Christus se huis vriende Marta, Maria en Lasarus verkeer in so ’n moeilike situasie. En Jesus die groot wonder Geneesheer kan hulle verlos uit hierdie traumatiese situasie. Hy is immers nie ver van hulle af nie. Maar dan in ons teks gedeelte in Hy laat om presies te wees, 4 dae laat. Wanneer Jesus in Betanië aankom is Lasarus al vier dae in die graf.

Tog is die konteks en omstandighede ryper as ooit vir ’n besondere openbaring. Vandag gaan hierdie teksgedeelte ook nuwe lig op ons eie moeilike omstandighede werp, veral daar waar ons juis gefokus is op tydgebonde verlossing. Want selfs al blyk dit ander in ons teksgedeelte is ons Verlosser, die Here Jesus Christus altyd betyds.

2. Dit kon so anders gewees het

Ons kan Martha se uitroep in ons teksgedeelte vooraf gaan, met die gedagte dit kon so anders gewees het. Sy en ook Maria in vers 32 ontbloot hulle diepste hartsgesinheid voor Jesus. Indien Hy vier dae gelede daar was, kon dit so anders gewees het, dan kon hulle broer steeds gelewe het. En dit is hier waar die amper 2000 jaar tyd periode tussen die gebeure in ons teksgedeelte en vandag as ’n ware verdwyn.

Wie van ons het nie al hierdie gevoel en oortuiging gehad nie? As ek op daardie spesifieke oomblik uit ’n moeilike situasie verlos was, sou dit nie kon ontwikkel in die groter krisis wat ek nou beleef nie. Maar op daardie oomblik het ek ervaar dat die Here nie my gebede verhoor, of gunstig wil beantwoord nie. Tog deur die genadige werking van die Heilige Gees is ons vandag nog hier. Soos Martha net in die volgende vers, vers 22 sê: “[22]Maar selfs nou weet ek dat God U alles sal gee wat U van Hom vra.”

Die eintlike probleem in hierdie situasie is dat ons natuurlik ons lewens haarfyn wil beplan. Ja, veral wanneer dit swaar en moeilik gaan, dan beplan en werk ons mos eers dinge haarfyn uit. En dikwels in hierdie bepaling en uitwerk, is daar spesifieke plekke waar rolspelers van buite moet in kom. En ongelukkig is die geloof en selfs dikwels ons Here Jesus Christus net vir ons so ’n eksterne rolspeler. Wat met respek gesê op Sy bepaalde tyd, Sy bepaalde taak moet kom verrig.

Dan wanneer dit nie so uitwerk en gebeur nie, is daar teleurstelling en hartseer by ons. Want die uitdrukking “Dit kon so anders gewees het” word omtrent altyd in ’n negatiewe sin rondom ons gebruik. Dit is ten diepste ’n uitdrukking van teleurstelling en hartseer. ’n Uitroep dat die Here my situasie onmiddelik handomkeer kon kom verander, maar gekies het om dit nie te doen nie.

3. Verhewe by tyd en hierdie werklikheid

Die probleem met die uitroep van dit kon so anders gewees het, is die subtiele nuanse dat: “Indien julle net vroeër na my geluister het, dan was ons nie nou hier nie.” Maar sal Martha en Maria werklik dit vir Christus sê? Sal ons dit vir die Here sê? Wel, wanneer ons na vers 22 kyk dan sien ons in die grondteks

’n aanroep vorm tussen Christus en die Vader wat eintlik vir Profete en die Vader gebruik word. Op hierdie oomblik is Jesus eintlik net ’n profeet vir Martha en niks meer nie.

Hierdie oortuiging word ook ge-ego in die ongeloof in Jesus se vermoë om Lasarus uit die dood op te wek. Want ten diepste is dit die probleem, wat in ons teksvers uitgedruk word. Martha, Maria en selfs van die ander omstanders in vers 37 is oortuig dat Jesus die geleentheid om Lasarus se fisiese aardse lewe te red gemis het. Christus as blote mens sal mos nou niks meer vir Lasarus kan doen nie. Maar is juis waar die verkeerde oortuiging lê. Trouens dit is hoekom hierdie openbaring van Christus in ons teksgedeelte so belangrik is.

Ons Here Jesus Christus is nie net ten volle mens nie, maar Hy is ook ten volle God. En God is die skepper van tyd, maar meer belangrik nog ook lewe. Ons as mense is uitgelewer aan tyd en lewe, dinge wat op ’n manier ’n finale onbetwisbare sê oor ons het. Maar die Skepper staan buite die tyd en lewe wat Hy geskape het. Ja, ons Here Jesus Christus kom leef as mens in aardse tyd en werklikheid, maar is steeds verhewe bo hierdie werklikheid.

En daarom is dit wat Hy hier vir Sy huisvriende bring nie maar net ’n mooi troos woorde, of dade van meegevoel nie. Nee, Hy bring vir hulle die lewe letterlik die lewe soos Hy sê in vers 25 en 40. “ “Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook; [26]en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie.”

4. ’n Kragtige openbaring

Tog is die moeilik om hierdie gedeelte te bestudeer sonder om by die rede vir Jesus se laat aankoms uit te kom nie. Hoekom vat die Here Jesus Christus dan so lank om in Betanië uit te kom? Hy is tog volgens die skrif, nie met iets belangriker besig nie. Daarby is Jerusalem net sowat 3 Kilometer van Betanië af? Tog is dit juis hierdie nabyheid waarin die goeie rede en verduideliking lê.

Ons lees in vers 19 dat baie Jode na Martha en Maria gegaan het om hulle te troos, natuurlik juis omdat dit so naby aan Jerusalem is. En alhoewel Jesus nooit wonders gedoen het vir gewildheid en aansien nie, sien ons tog dat Hy iets spesiaal hier wil openbaar.

Ons lees in vers 4 voor ons teksgedeelte: “Hierdie siekte sal nie op die dood uitloop nie maar op die openbaring van die wonderbaarlike mag van God sodat die Seun van God daardeur verheerlik kan word.” en dan in die besonder in die Jesus se gebed in vers 41 en 42: “Vader, Ek dank U dat U My verhoor het. [42]Ek weet dat U My altyd verhoor, maar Ek sê dit ter wille van die mense wat hier rondom staan, sodat hulle kan glo dat U My gestuur het.”

Die feit dat Jesus dus 4 dae later eers na Betanië gegaan het, het baie ander mense geleentheid gegee om eers daarheen te kan gaan. Mense wat dan ooggetuies oor hierdie opwekking uit die dood sou word. Hierdie opwekking het dan sulke verreikende gevolge dat die priesterhoofde later geen keuse het as om weer vir Lasarus te laat dood maak nie, in hoofstuk 12. Want so baie mense het Jesus begin volg as gevolg van spesifiek dit wat met Lasarus gebeur het.

Ons kan dus sê in die raadsplan van God is Jesus presies betyds gewees. Ons Here Jesus Christus is altyd betyds. Ons verstaan dit nie omdat ons dikwels so in gefokus is, op die beproewing en probleem. Dikwels sien ons ook die voorreg raak om deel te wees van die openbaring wat alles verander nie. [16]Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

5. Slot

Ons het hierdie preek begin deur op die ernstige effek van ’n gebrek aan stiptelikheid te wys. En ons weet dat dit in ’n werksomgewing gelyk gestel word aan diefstal en soortgelyk gestraf word. Maar wat van die geloof, dit is tog waarop ons fokus wanneer ons hier bymekaar is. En wanneer dit by geloof kom, moet ons nog verder in fokus op God. En dit is hier waar ons een van die uitdagings van geloof tee kom.

Die bybel leer ons maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. Maar dikwels na ons dit by herhaling gedoen het, ervaar ons nie onmiddelike uitkoms nie soos Martha en Maria in ons teksgedeelte.

Deel van die probleem is dat verskeie verdraaide teologie rondom ons, ons al oortuig het van die dwaalleer dat die Here in ons diens, staan. En dat geloof net om ons gemak, gesondheid, voorspoed en rykdom gaan. Maar dit is juis hier waar ons vandag die waarheid sien in ons teksgedeelte.

Geloof gaan altyd om die eer en verheerliking van God alleen. Met ander woorde die belangrike uitkoms van ons teksgedeelte is nie die feit dat Lasarus weer lewe nie, maar dat die Here in staat is om hom uit die dood op te wek. En dat hierdie wonderwerk eer en verheerliking aan God bring.

Tog gebeur hierdie dinge nie langs koue harde weë nie. Nee, daar is uiterse empatie by Christus. In vers 35 huil Jesus en weer in vers 38. Hy is opreg lief en jammer vir die mense hier rondom Hom. En dit is ook waar ons troos en hoop vandag lê. Ons Here Jesus Christus is altyd betyds. Miskien nie in terme van my agenda nie. Maar Hy is betyds om te verseker dat God die almagtige Vader altyd geëer en verheerlik word, selfs al moet Hy daarvoor aan die kruis gaan sterf. Ons as uitverkiesde gelowiges het die voorreg om saam op hierdie pad van liefde te beweeg.

Amen